Maandag 20 April

Skrifgedeelte: 2 Konings 20:1-11

Fokusgedeelte: 2 Konings 20:3 (AFR2020)

Waarom Hiskia genade in die oë van die HERE gevind het

Waarom het Hiskia genade gevind in die oë van die HERE? In dié fokusgedeelte kry ons drie antwoorde op hierdie vraag.

Toe Hiskia die berig van die Here deur Jesaja ontvang het dat hy gaan sterf, het hy hom oombliklik tot die Here gewend in gebed. Hy het homself nie die genade van die Here aangematig omdat hy met die beleëring van Jerusalem vurig tot die Here om genade gesmeek het nie. Hy het opnuut genade gevra vir die nuwe omstandigheid.

Hy vra in die eerste plek om genade op grond van die belofte van die Here aan Dawid. Die Here het belowe as Dawid se seuns getrou en met hulle hart voor Hom leef, sal daar nooit iemand uit Dawid se geslag op die troon ontbreek nie (1 Kon. 2:4). Let op hoe het Hiskia gesmeek: *"Ag, HERE, dink tog daaraan dat ek voor u geleef het in getrouheid en met 'n onverdeelde hart, dat ek gedoen het wat goed is in u oë."*

In aansluiting by die eerste rede waarom Hiskia genade gevind het, volg die tweede rede. Hiskia het in hierdie stadium nog nie 'n seun gehad wat hom as koning sou opvolg nie. Manasse is eers drie jaar na hierdie gebeure gebore (2 Kon. 21:1). Wanneer ons om genade smeek, kan ons op grond van die beloftes van die Here smeek, want sy beloftes is ja en amen in Christus.

Die derde rede waarom Hiskia genade gevind het in die oë van die Here, hou verband met die rede waarom hy langer sou wou lewe. Hy wil nie langer leef om die aardse dinge te geniet nie, maar sodat hy die Here verder kan dien. So word dit duidelik uit sy danksegging in Jesaja 38:18-19. Wanneer ons by die Here om genade smeek, moet ons self seker wees waarom ons om genade smeek. Die Here se genade is in Christus gegrondves, en dit is duurverdiende genade waarmee ons nie mag mors nie.

*Sing: Psalm 90-1:7*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*